/hw

**VRYSTAAT HOë HOF, BLOEMFONTEIN**

**(REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA)**

APPèL NO: A 131/2011

In die appèl tussen:

**MONICE KLAAS MNISI** **APPELLANT**

en

**DIE STAAT** **RESPONDENT**

---

**CORAM : MOLEMELA R : ET : VAN ROOYEN WnR**

---

**AANGEHOOR OP : 22 AUGUSTUS 2011**

---

**UITSPRAAK GELEWER OP : _____ AUGUSTUS 2011**

---

**UITSPRAAK**

---

[1] Appellant is ondermeer daarvan aangekla dat hy op of omtrent **21 Februarie 2007** en te Vredefort die Roestoff egpaar aangerand en

beroof het deur met geweld kontant ten bedrae van R7 500,00 en twee vuurwapens ten bedrae van R4 000,00 van hulle te neem. Verswarende omstandighede bestaan daarin dat tydens die roof vuurwapens gebruik is om die klaers te dreig. Voorts is Appellant daarvan aangekla dat hy gepoog het om Susanna Roestoff te dood deur haar met 'n vuurwapen te skiet.

[2] Ten aansien van al die klagtes wat insluit bogemelde klagtes, het Appellant onskuldig gepleit, maar is hy skuldig bevind aan roof met verswarende omstandighede en gevonnis tot vyftien jaar gevangenisstraf en ten aansien van die klagte, poging tot moord, gevonnis tot vyf jaar gevangenisstraf. Drie jaar van die vyf jaar is opgeskort sodat Appellant sewentien jaar effektiewe gevangenis moet uitdien.

[3] Appellant kom nou in hoër beroep.

[4] Die getuienis met betrekking tot die roof en poging tot moord wat deur die Staat aangebied is, is in vereenvoudigde vorm die volgende:

4.1 Die Roestoff egpaar was in hul woonhuis op die plaas geleë in die distrik van Vredefort waar hulle onder voorwendsel oorval is.

4.2 Nie een van die Roestoffs kon die rowers identifiseer nie. Mev. Roestoff getuig dat sy op 'n stadium van een van die aanvallers weggehardloop het en in die proses is sy in haar bors met 'n geweer geskiet wat die betrokke aanvaller hanteer het.

4.3 Nadat die klaers gedreig en vasgebind is het die aanvallers ontsnap met kontantgeld ten bedrae van R7 500,00 en twee vuurwapens.

4.4 Kort na die voorval is Appellant in sy voertuig gevind en wel in die distrik van Vredefort. Appellant is gearresteer.

4.5 Appellant het dieselfde dag nog 'n uitwysing van beskuldigde 2 gemaak asook waar hy woonagtig is en is die klaers se vuurwapens in beskuldigde 2 se besit gevind.

4.6 Daar is ook vingerafdruk merke van beskuldigde 2 op die voertuig, bestuur deur Appellant, gevind.

4.7 Die Hof van Eerste Instansie en wel by monde van die Streeklanddros bevind ondermeer:

"*Dat beskuldigde 1 aan die getuie Kodisane gesê het dat hy wel betrokke was by die roof maar slegs as bestuurder van die voertuig.*"

4.8 Die Streeklanddros maak ook 'n aantal ander feitebevindings, maar sou Appellant nie skuldig bevind kon gewees het indien bogemelde bekentenis nie deel was van die Hof se bevindings nie.

[5] Die twee kernvrae in hierdie appèl is na my mening of die bekentenis 'n toelaatbare bekentenis was en indien wel, sou die Hof *a quo* bo redelike twyfel kon bevind dat Appellant die bekentenis gemaak het.

[6] **<u>TOELAATBAARHEID VAN DIE BEWEERDE BEKENTENIS:</u>**

6.1 Konstabel Nel was die eerste polisie amptenaar wat namens die Respondent getuig het. Dit is duidelik aan die Hof gestel dat Appellant 'n uitwysing gemaak het en is deur sy regs-verteenwoordiger vermeld dat die uitwysing aangeteken kan word as

‘n erkenning in terme van Artikel 220 van die Strafproseswet, no. 51 van 1977. Daar was ‘n redenasie voor die Hof *a quo* waarby die Staatsaanklaer en Appellant se regsverteenwoordiger betrokke was, wat toon dat daar slegs ‘n uitwysing ter sprake was en dat die uitwysing nie ook ‘n bekentenis vervat nie. Op die basis is die getuienis toegelaat en is die getuienis van konstabel Nel aangebied.

6.2 Konstabel Nel se getuienis kom daarop neer dat beskuldigde 1 die adres van beskuldigde 2 uitgewys het.

6.3 Die volgende polisiebeampte wat getuig het is ‘n offisier, synde superintendent Kodisane. By die aanbied van sy getuienis het dit geblyk dat die superintendent moontlik inkriminerende uitwysings van Appellant aan die Hof kon voorlê. Appellant se regsverteenwoordiger het bevestig dat alhoewel uitwysings gemaak is ten aansien van beskuldigde 2, word daarop gesteun dat dit nie toelaatbaar was nie.

“*On the basis that the accused one was asked through assaults to lead to that particular place.*”

Daar het toe 'n binneverhoor plaasgevind.

Superintendent Kodisane het getuienis afgelewer en kom sy getuienis daarop neer dat Appellant nooit aangerand is nie.

6.4 Vervolgens het inspekteur Schalk getuig en het hy ook ontken dat die beskuldigde aangerand is. Op 'n stelling gemaak namens die Appellant het hy bevestig dat Appellant toe hy gearresteer is, onmiddellik vermeld het dat hy die voertuig bestuur het wat die mense afgelaai het. Hy weet nie eers waarnatoe hulle is nie en hy sal wys waar hulle is. Dit is aan inspekteur Schalk gestel dat Appellant aangerand is.

6.5 Die Staatsaanklaer het daarna sy saak gesluit en het Appellant geen getuienis ten aansien van die binneverhoor aangebied nie.

6.6 Ten aansien van die binneverhoor bevind die Hof soos volg:

"*Die getuienis rondom die beweerde aanwysings wat beskuldigde 1 sou gemaak het word toelaatbaar gereël op die basis dat dit relevant is.*"

6.7 Superintendent Kodisane se getuienis word dan verder aangebied en getuig hy:

"*Wat sou beskuldigde 1 of laat ek dit so stel waarheen sou u met beskuldigde 1 gaan? …. Hy het aan ons genoem dat hy bereid is om die verdere persone wat saam met hom was tydens die pleging van hierdie misdryf te gaan uitwys in Vereniging…*

*Hy het gesê hy ken die persone wat saam met hom was en is bereid om hulle vir ons te gaan uitwys waar hulle is in Vereniging se omgewing.*

*…*

*Hy het 'n huis aan ons uitgewys en ons het daar geklop.*

*…*

*Dit is toe wat ons mnr Mnisi vir ons beskuldigde 2 uitgewys het as die persoon wat in die betrokke huis bly, waarna ons gesoek het."*

6.8 Die Hof merk soos volg op:

"*Daar is 'n binneverhoor gehou rondom sekere aanwysings wat beskuldigde 1 sou gemaak het. U het nooit op rekord geplaas dat u by monde van die getuie ook getuienis wil aanbied rondom die*

*beweerde aanwysings wat beskuldigde 2 sou gemaak het nie …"*

6.9 In kruisverhoor getuig superintendent Kodisane "*Your worship that will be new to me because he told us with certainty from Vredefort that he know those people and that he was the driver of the vehicle. We must just allow him to go and point to us his colleagues."*

6.10 Die getuienis van superintendent Kodisane toon dat beskuldigde 1 genoem het dat hy bereid is om die persone wat saam met hom was tydens die pleging van die misdryf te gaan uitwys in Vereniging en is die getuienis dat beskuldigde 1 toe inderdaad vir beskuldigde 2 uitgewys het. Dit kom as 'n verassing. Die Hof het uitdruklik bevind dat die uitwysing toelaatbaar sou wees op die basis dat dit vrywillig gedoen is en sou dit beteken dat Appellant se uitwysings van beskuldigde 2 en die huis waar hy gewoon het, kon geskied. Die toevoeging dat hy bereid is om verdere persone wat saam met hom tydens die pleging van die misdryf was te gaan uitwys, was ontoelaatbaar. Slegs die aanwysing van beskuldigde 2 of die uitwysing van sy woonplek en nie voorlegging van 'n bekentenis onder skyn van 'n aanwysing nie, is toelaatbaar.

**<u>VGL:</u> R v NHLEKO 1960(4) SA 712 (A);**

**S v MBELE 1981(2) SA 738 (A) op 743 B – C.**

6.11 Artikel 217 van die Strafproseswet no. 51 van 1977 vereis uitdruklik dat bewys moet word dat die bekentenis vrywillig en ongedwonge deur ‘n persoon afgelê is voordat dit toelaatbaar is. In sekere gevalle moet dit ook in skrif gestel word. In die onderhawige geval is die op skrif stelling daarvan nie ‘n voorvereiste nie, aangesien die voorbehoudsbepaling in die artikel bepaal dat bekentenisse afgelê voor ‘n vrederegter of landdros nie op skrif gestel hoef te word nie. Superintendent Kodisane is ‘n vrederegter.

6.12 Dit volg dus dat Respondent nooit bewys het dat die bekentenis (in teenstelling met die uitwysing) vrywillig en ongedwonge gemaak is nie. In die omstandighede is Appellant onder die waan van die toelaatbaarheid van ‘n uitwysing skuldig bevind op sterkte van ‘n beweerde bekentenis wat mank gaan aan die bewys daarvan dat dit vrywillig en ongedwonge afgelê is.

Ek sou dat die appèl slaag op die basis dat Appellant skuldig bevind is op ‘n ontoelaatbare bekentenis.

[7] **BEWYS VAN BEKENTENIS:**

7.1 Die argument mag wees dat indien al die getuienis in ag geneem sou word, dit bewys is dat die bekentenis vrywillig en ongedwonge gemaak is.

7.2 Ten aansien van so 'n argument meen ek dat indien Appellant se regsverteenwoordiger by die binneverhoor bewus was van die feit dat dit nie net gaan oor 'n uitwysing nie, maar 'n bekentenis, daar besluit kon gewees het om Appellant se saak anders aan te bied deur byvoorbeeld Appellant by die binneverhoor te roep om getuienis af te lê.

7.3 Sou die bevindings wat hierbo vermeld is verkeerd wees, is die vraag laastens of die Staat bo redelike twyfel bewys het dat Appellant beken het dat hy betrokke was by die misdrywe en dat hy op die basis beskuldigde 2 uitgewys het. Daar word vervolgens met

die aspek gehandel:

7.4 Dit was voortdurend Appellant se saak dat hy nie by die misdryf betrokke was nie, maar dat hy tydens sy besoek aan Vredefort met ‘n voertuig gery het om mense af te laai. In die verband word verwys na getuie Schalk se getuienis dat Appellant presies dit gesê het nadat hy gearresteer is.

7.5 Konstabel Nel se getuienis oor die onderneming van Appellant om ‘n uitwysing te doen, is vaag maar gee hy geen getuienis met betrekking tot die beweerde bekentenis van Appellant nie.

7.6 Ook die Staatsgetuie Schalk lewer nie direkte getuienis oor die beweerde bekentenis nie.

7.7 Superintendent Kodisane moet in werklikheid beskou word as enkel getuie met betrekking tot die beweerde bekentenis, synde dat Appellant aangedui het dat hy bereid is om verdere persone wat saam met hom was tydens die pleging van die misdryf, uit sou wys. In die verband getuig Appellant:

"*When you reached accused's 2 place and pointed out what were the exact words that you said to the police who accompanied you there? - Ek het vir die beampte meegedeel dat ek ken nie die persone vir wie ek vervoer maar die enigste persoon wat die betrokke persone kan uitwys is nommer 2.*

*The witness said that when you arrived there you said he is one of the people I was with when you committed that offence? … Ek ontken dit. Dit is nie so nie.*"

7.8 Die Appellant het volhardend getuig dat hy nie die bekentenis gemaak het nie.

7.9 Sou mens die getuienis van die Staat neem en die van Appellant begunstig die waarskynlikhede of die bekentenis gemaak is aldan nie, nie een nie. Basies staan die twee stelle getuienis teenoor mekaar. Die Respondent dra die bewyslas om die Staat se saak bo redelike twyfel te bewys en kan dit onder die omstandighede nie bevind word dat die Staat hom van die bewyslas gekwyt het nie.

7.10 Die weergawe van Appellant kan ook nie as inherent onwaar en

onwaarskynlik aangeteken word nie. Die getuienis is dat beskuldigde 2 hom versoek het om persone te vervoer en dat hy die taak uitgevoer het. Daarna het hy aan die polisie die woonplek van beskuldigde 2, synde die persoon wat hom versoek het om die vervoerwerk te doen, gaan uitwys. Die klaers se wapens is by beskuldigde 2 gevind. Die weergawe van Appellant is waarskynlik .

[8] **<u>OM OP TE SOM:</u>**

By die binneverhoor is ondersoek na die toelaatbaarheid van ‘n uitwysing gedoen en daarna is ‘n bekentenis toegelaat wat nie getoets is oor die bereidwilligheid en ongedwongenheid van die betrokke bekentenis nie. Die bekentenis is as ontoelaatbare getuienis toegelaat. Indien die bekentenis as bereidwillig en ongedwonge aangeteken kon word en dus toelaatbaar was, bestaan daar ‘n dispuut of ‘n bekentenis afgelê was deur Appellant aan superintend Kodisane. Die Staat het nie bo redelike twyfel bewys dat sodanige bekentenis afgelê is nie.

[9] Ek sou die appèl laat slaag en die vonnisse tersyde stel met insluiting van die bevinding dat Appellant onbevoeg is om ‘n

vuurwapen te besit.

P C R VAN ROOYEN WnR

Ek stem saam:

MOLEMELA R

**NAMENS APPLIKANT**:
ADV. T B VAN RENSBURG
IN OPDRAG VAN:
J GROENEWALD PROKUREURS
FLECKSTRAAT 10
KROONSTAD

**NAMENS RESPONDENT:**
MA MOHLALA
ADVOKAAT VIR RESPONDENT
DIREKTEUR VAN PUBLIEKE VERVOLGING
VRYSTAAT.